

15 April

Skrifgedeelte: Matteus 25:14-30
Fokusgedeelte: Matteus 25:14-30

Wees werksaam!

Hierdie gedeelte bevat die derde waaksaamheidsgelykenis van Jesus. Waar die vorige gelykenisse gefokus het op die onverwagse terugkeer van die Baas, fokus hierdie gelykenis daarop dat die dienaars hulle verantwoordelikheid moet uitvoer terwyl hulle Baas vir 'n lang tyd weg sal wees (vs 19).

Geld (talente) word hier gebruik as 'n verduideliking van 'n baie meer omvattende saak en dit is die gawes wat Jesus Christus aan elkeen gegee het om in sy koninkryk mee te dien. Die gawes wat Jesus Christus na sy hemelvaart aan ons sy volgelinge skenk, is in ooreenstemming met die vermoë wat Jesus aan ons elkeen gegee het om Hom te dien (vs 15; Rom. 12:6, 7; 1 Kor. 12:4-31; 7:7). Die talente is dus nie bloot iets waarin iemand uitblink nie. Jesus gee nie alleen die taak nie, maar ook die vermoë.

Die tema van getrouheid kom hier sterk na vore (vgl. 24:45-51; Heb. 3:1-6). Getrouheid beteken dat jy konsensieus en volhardend dit doen wat van jou verwag word. Gebrek aan getrouheid is een van die redes waarom ons samelewing besig is om te verbrokkel. Ons moet in gedagte hou dat Jesus van ons verantwoording gaan vra of ons getrou ons gawe gebruik het in sy kerk en om sy heerskappy op aarde uit te straal. Die Here Jesus wil dat ons saam met Hom in sy koninkryk ingaan met blydskap. Hy berei ons nou reeds voor daarvoor.

By Christus se terugkoms val die onderskeid tussen 5 en 2 en 1 (talente) weg en dan sal alleen maar geld of elkeen gedoen het met Jesus se gawes volgens die vermoë wat God ons elkeen gegee het. Ons mag nie sleg en lui wees en dan op die end die fout by die Here Jesus wil soek nie. Dit gaan nie werk nie. Hy sê dit nou al vir ons.

Sing: Psalm 43:3, 4 (1936)

Ds. JH Grobler (Louis Trichardt)